# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | EKONOMIE |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 24 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord **VIER** vrae soos volg in die **ANTWOORDBOEK**:

   **AFDELING A: VERPLIGTEND**
   **AFDELING B:** Beantwoord **TWEE** van die drie vrae.
   **AFDELING C:** Beantwoord **EEN** van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste aantal oorskry, sal **NIE** nagesien word nie.

3. Dui duidelik aan die begin van ’n vraag die nommer van die gekose vraag aan, byvoorbeeld **VRAAG 2**.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Lees die vrae aandagtig deur en begin **ELKE** vraag op ’n **NUWE** bladsy.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar in slegs **BLOU** of **SWART** ink.

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A

**VRAAG 1: VERPLIGTEND** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

## 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | A✓✓ | kapitaal |
| 1.1.2 | D✓✓ | lewensverwagting |
| 1.1.3 | C✓✓ | opswaai |
| 1.1.4 | B✓✓ | nywerheidsontwikkelingsone |
| 1.1.5 | D✓✓ | meriete |
| 1.1.6 | B✓✓ | per capita bruto binnelandse produk |
| 1.1.7 | A✓✓ | massaproduksie |
| 1.1.8 | C✓✓ | ekonomiese unie (8x2) (16) |

## 1.2 PAS ITEMS

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | F✓ | Meet inkomste-ongelykheid en rykdom |
| 1.2.2 | H✓ | Verskaf deur die regering vir gebruik deur alle lede van die samelewing |
| 1.2.3 | E✓ | Die beweging van inkomste en uitgawes tussen deelnemers aan die ekonomie |
| 1.2.4 | J✓ | Markte is inherent stabiel en het geen regeringsingryping nodig nie. |
| 1.2.5 | A✓ | Wisselkoersstelsel waar die waarde van die geldeenheid slegs deur markkragte bepaal word |
| 1.2.6 | C✓ | Gehef deur die reserwebank by ander finansiële instellings vir leenbare fondse |
| 1.2.7 | D✓ | Handelsbeleid wat probeer om die binnelandse ekonomie veilig te hou deur die invoer van goedere en dienste te beperk |
| 1.2.8 | B✓ | Die verwydering van wette, regulasies en bywette deur die regering (8x1) (8) |

© SACAI KOPIEREG

**1.3 GEE EEN WOORD/TERM**

**(AFKORTINGS, AKRONIEME EN VOORBEELDE SAL NIE AANVAAR WORD NIE.)**

1.3.1 Vermenigvuldiger-effek✓

1.3.2 Appresiasie✓

1.3.3 Spesiale Ekonomies Sone✓

1.3.4 Invoervervanging✓

1.3.5 Ekonomiese groei✓

1.3.6 Trog ✓ (6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING B

Beantwoord enige **TWEE** van die drie vrae uit hierdie afdeling in die **ANTWOORDBOEK.**

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

**2.1 Beantwoord die volgende vrae:**

**2.1.1 Noem enige TWEE makro-ekonomiese doelwitte van die regering in Suid-Afrika.**

- Ekonomiese groei ✓
- Volle indiensneming ✓
- Prysstabiliteit ✓
- Betalingsbalansstabiliteit ✓
- Billike verdeling van inkomste ✓ (2x1) (2)

**2.1.2 Hoe beïnvloed ’n afname in invoerpryse die ruilvoet?**

’n Afname in die pryse van invoer sal impliseer dat ruilvoet styg. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1x2) (2)

**2.2 DATARESPONS**

**2.2.1 Identifiseer die grootste bydraer tot staatsinkomste.**

Persoonlike inkomstebelasting (39%)✓ (1)

**2.2.2 Noem EEN metode wat die regering kan gebruik om bruinbrood meer bekostigbaar vir die verbruiker te maak.**

Subsidies / maksimum pryse✓ (1)

**2.2.3 Beskryf kortliks die term *indirekte belasting.***

Belasting wat gehef word wanneer geld op produkte bestee word.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

**2.2.4 Verduidelik die impak van ’n 1%-verhoging van BTW op staatsinkomste.**

- Die regering sal ’n toename in inkomste deur belasting ontvang.✓✓
- Dit kan lei tot verhoogde sosiale en ekonomiese besteding deur die regering. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

**2.2.5 Hoe kan die doeltreffende gebruik van begrotings, provinsies help met doeltreffende dienslewering?**

- Dit kan verseker dat toewysing van fondse aan projekte, soos vullisverwydering, sal plaasvind. ✓✓
- Verbeterde infrastruktuur, wat lei tot ’n toename in produktiwiteit en ekonomiese groei ✓✓
- Verbeterde onderwys, beter en meer fasiliteite, wat lei tot meer geskoolde werkers, en ekonomiese ontwikkeling in die algemeen
- Staatsamptenare sal aanspreeklik gehou word wanneer dit by spertye kom. ✓✓
- Daar sal meer deursigtigheid wees in openbare finansies. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2x2) (4)

## 2.3 DATARESPONS

**2.3.1 Identifiseer die fase van die sakesiklus wat volgens die uittreksel ervaar word.**

Resessie✓ (1)

**2.3.2 Noem EEN Suid-Afrikaanse industrie wat tans ’n lae ekonomiese groeikoers ervaar.**

- Handel ✓
- Landbou ✓
- Vervoer ✓
- Mynbou ✓
- Vervaardiging ✓
- Konstruksie✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1x1) (1)

**2.3.3 Beskryf kortliks die term *sakesiklus.***

Opeenvolgende tydperke van uitbreiding en inkrimping in ekonomiese aktiwiteite. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante beskrywing.) (2)

**2.3.4 Verduidelik die impak wat ’n resessie op die ekonomie kan hê.**

- Ekonomiese aktiwiteit neem af. ✓✓
- Huishoudings ontvang minder inkomste en besteding neem af. ✓✓
- Sakevertroue neem af, dit wil sê besighede belê en produseer minder.✓✓
- Reële BBP neem af en die land sal in ’n inkrimpingsperiode wees. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1x2) (2)

**2.3.5 Hoe kan fiskale beleid gebruik word om ’n verswakte ekonomie te stimuleer?**

- Die regering kan gebruik maak van ekspansiewe fiskale beleid, deur staatsbesteding te verhoog en belasting te verminder. ✓✓
- Verhoog staatsbesteding aan werkskeppingsprogramme, verhoog inkomsteverdienste, wat lei tot meer besteding, daarom stimuleer dit ekonomiese aktiwiteite. ✓✓
- Afname in belasting sal die besteebare inkomste van die verbruiker verhoog, wat lei tot ’n toename in besteding en bydra tot meer ekonomiese aktiwiteite. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2x2) (4)

**2.4 Onderskei tussen *samevallende* en *saamgestelde* aanwysers, as kenmerke wat sakesiklusse onderlê.**

**Samevallende aanwysers**

- Hierdie aanwysers verander saam met die verandering in die ekonomie. ✓✓
- As die sakesiklus ’n hoogtepunt bereik en dan begin daal, sal die waarde van die samevallende aanwyser dieselfde doen. ✓✓
  - Voorbeelde: die waarde van kleinhandel✓, industriële produksie-indeks✓, volume van invoer✓

**Saamgestelde aanwysers**

- Dit is ’n opsomming van die verskillende aanwysers van dieselfde tipe met ’n enkele waarde. ✓✓
- Elke ekonomiese aanwyser d.w.s. leidende, sloerende en samevallende aanwysers sal elk ’n enkele waarde hê. ✓✓
- Hierdie drie saamgestelde aanwysers word dan gebruik om ’n enkele saamgestelde aanwyser te bereken wat dan gebruik word om ’n land se ekonomiese prestasie te meet (“benchmark”). ✓✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.)
(Ken ’n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde.) (2x4) (8)

**2.5 Ontleed die effek van veranderinge in klimaatstoestande op internasionale handel.**

- Klimaatstoestande kan daartoe lei dat meer of minder produkte as voorheen geproduseer en uitgevoer of ingevoer word na en van ander lande. ✓✓
- Klimaatsverandering kan daartoe lei dat produkte wat aanvanklik plaaslik geproduseer en uitgevoer is, nou deur die plaaslike ekonomie ingevoer word. ✓✓
- Klimaatsverandering kan veroorsaak dat ander tipe nywerhede ontstaan as gevolg van ’n verandering in produksiepatrone en tipe produkte wat geproduseer word. ✓✓
- Klimaatsverandering kan ’n ernstige behoefte aan navorsing in onbekende produksievelde veroorsaak om internasionale handel te verseker. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.)
(Ken ’n maksimum van 2 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde.) (4x2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

**3.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**3.1.1 Noem enige TWEE instrumente wat gebruik word om inflasie te meet.**

- Produsenteprysindeks (PPI) ✓
- Verbruikersprysindeks (VPI) ✓ (2x1) (2)

**3.1.2 Gee kortliks EEN fokusarea van die Nywerheidsbeleid-aksieplan (IPAP).**

- Ontwikkeling van die motorbedryf✓
- Ondersteuning van die klere- en tekstielbedryf✓
- Ondersteuning van die besigheidsprosesdienstebedryf✓
- Ontwikkeling van ’n mineraalveredelingsbedryf✓
- Ontwikkeling van die landbouverwerkingsbedryf✓
- Help reguleerders om teenmededingende gedrag te verminder✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.) (1x2) (2)

**3.2 DATARESPONS**

**3.2.1 Identifiseer die hoofdoel van bogenoemde SES volgens die uittreksel.**

Belegging wat die energie- en metallurgiese industrieë ’n hupstoot sal gee✓ (1)

**3.2.2 Noem enige ander Spesiale Ekonomiese Sone (SES/SEZ) wat in Suid-Afrika voorkom.**

- Atlantis SES✓
- Coega IOS✓
- Richardsbaai IOS✓
- Oos Londen IOS✓
- Saldanhabaai IOS✓
- Dube Handelshawe✓
- Maluti – A- Phofung SES✓
- OR Tambo SEZ✓
- The Tshwane Automotive Special Economic Sone (TASES)✓ (1x1) (1)

**3.2.3 Beskryf kortliks die term *korridor.***

- Ekonomiese korridors is geïntegreerde netwerke van infrastruktuur binne ’n geografiese gebied wat ontwerp is om ekonomiese ontwikkeling te stimuleer. ✓✓
- Hulle verbind verskillende ekonomiese agente in ’n bepaalde geografiese gebied. Korridors kan binne ’n land of tussen lande ontwikkel word. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.) (1x2) (2)

**3.2.4 Verduidelik die hoofdoelwit van ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe?**

Om ekonomiese groei en indiensneming in die verwaarloosde en onderontwikkelde streke te stimuleer. ✓✓ (2)

**3.2.5 Bespreek die belangrikheid van die ontwikkeling van nuwe nywerhede vir die ekonomie.**

Ontwikkeling is belangrik want dit:

- Stel die wêreldekonomie bloot aan handel en die verkryging van kennis. ✓✓
- Handhaaf makro-ekonomiese stabiliteit. ✓✓
- Vestig grootskaalse vervaardiging-, landbou-, mynbou- en diensteproduksie. ✓✓
- Diversifiseer die ekonomie. ✓✓
- Verbeter binnelandse vervaardigingskapasiteit om uitvoere te verhoog. ✓✓
- Skep werksgeleenthede. ✓✓
- Voorsien en handhaaf toepaslike aansporings om beleggers te lok. ✓✓
- Dra by tot die industriële ontwikkeling van die Afrika-kontinent.
- Stel die wêreldekonomie bloot aan handel en die verkryging van kennis.✓✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.) (2x2) (4)

## 3.3 DATARESPONS

**3.3.1 Identifiseer die totale aantal werkende mense in K2 van 2023.**

16,3 miljoen ✓ (1)

**3.3.2 Noem die instansie wat verantwoordelik is vir die insameling van die data in die uittreksel hierbo.**

StatsSA✓ (1)

**3.3.3 Beskryf kortliks die term *werkloosheid.***

Hou verband met mense in die arbeidsmag wat nie werk het nie, maar wel gewillig en in staat is om te werk. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.) (2)

**3.3.4 Verduidelik die rede vir die hoër uitgebreide werkloosheidsyfer in vergelyking met die amptelike werkloosheidsyfer.**

- Wanneer mense in staat is om te werk, maar hulle soek nie werk nie, vorm hulle deel van die uitgebreide werkloosheidsyfer. ✓✓
- Die hoër uitgebreide werkloosheidsyfer kan ook mense insluit wat nie werk soek nie, maar wat wel by die uitgebreide werkloosheidskoers ingesluit word, wat dit hoër maak as die amptelike werkloosheidskoers. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.) (1x2) (2)

**3.3.5 Hoe kan ekonomiese groei produksie positief beïnvloed?**

- Ekonomiese groei hou direk verband met produksie, in welke geval ’n toename in ekonomiese groei tot ’n toename in die produksievermoë van die ekonomie sal lei. ✓✓
- ’n Toename in produksie sal lei tot meer indiensneming, wat weer sal lei tot meer besteebare inkomste wat weer sal lei tot meer aanvraag, wat die ekonomie dwing om meer goedere en dienste te produseer. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.) (2x2) (4)

**3.4 Bespreek *ekonomiese groei* en *geletterdheidskoers* as kriteria om te onderskei tussen die lande in die noorde en lande in die suide.**

| Kriteria | Noord | Suid |
|---|---|---|
| Ekonomiese groei | Verhoogde ekonomiese groeikoers word ervaar as gevolg van hoë vlakke van produktiwiteit. ✓✓ | Laer ekonomiese groeikoers ervaar as gevolg van lae produktiwiteit. ✓✓ |
| Geletterdheidsvlak | Hoër geletterdheidsyfers as gevolg van fasiliteite soos skole, universiteite, ens. wat algemeen beskikbaar is in hierdie lande. ✓✓ | Lae geletterdheidsyfer as gevolg van tekorte aan opvoedkundige fasiliteite in hierdie lande. ✓✓ |

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)
(Ken ’n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde.) (2x4) (8)

**3.5 Evalueer die voordele van uitvoerbevordering vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

- ’n Toename in uitvoere het gelei tot ’n toename in die algemene produksie vir die buitelandse mark. ✓✓
- Die verhoogde produksie het verwante industrieë gestimuleer.✓✓
- Die toename in uitvoere sal lei tot die skep van werksgeleenthede aangesien meer mense aangestel sal moet word om die ekstra hoeveelheid goedere vir uitvoer te produseer. ✓✓
- Toenames in uitvoer sal help om die grootte van die mark vir Suid-Afrikaanse produkte op die internasionale mark te vergroot, ✓✓
- Die toename in uitvoere het gelei tot ’n toename in die grootte van die wêreldmark vir Suid-Afrikaanse produkte. ✓✓
- Die toename in uitvoere het bygedra tot ’n toename in invloei van buitelandse valuta wat die betalingsbalansrekening positief beïnvloed.
- Die toename in die invloei van buitelandse valuta lei tot ’n appresiasie van die Suid-Afrikaanse rand. ✓✓
- Die appresiasie van die rand kan uitvoer negatief beïnvloed omdat die Suid-Afrikaanse produkte duurder is in die buitelandse mark. ✓✓
- ’n Toename in uitvoere kan daartoe lei dat die plaaslike mark van produkte ontneem word aangesien produkte meestal aan internasionale mededingers verkoop word. ✓✓
- ’n Toename in uitvoere kan ook ontluikende bedrywe negatief beïnvloed aangesien hulle nie op die internasionale mark kan meeding nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)
(Aanvaar positiewe en negatiewe argumente)
(Ken ’n maksimum van 2 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde.) (4x2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

**4.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**4.1.1 Noem enige TWEE tipes sakesiklusse.**

- Kitchin ✓
- Jugler✓
- Kuznets✓
- Kondratieff✓ (2x1) (2)

**4.1.2 Verduidelik kortliks hoe tegnologie kan bydra tot die ondersteuning van kleinsake-ontwikkeling.**

- Tegnologie vir klein besighede kan positief bydra tot die groei in die ekonomie deur finansiële ondersteuning te verskaf om innoverende, produksie-verbeterende tegnologieë te bekom. ✓✓
- Die gebruik van samewerkende tegnologie-instrumente kan operasionele doeltreffendheid verhoog.✓✓
- Tegnologie kan sleutelprosesse vaartbelyn maak aangesien besighede minder gesegmenteer is.
- Baie instrumente bespaar tyd, met sagteware soos ’n kliëntverhoudingbestuurplatform wat take automatiseer vir minder praktiese werk.
- Tegnologie is meer koste-effektief op die lang termyn en sal help om die klein besighede se koste te verminder en hulle meer mededingend in die ekonomie te maak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante voorbeeld.) (1x2) (2)

**4.2 DATARESPONS**

**4.2.1 Identifiseer die syfer wat die BBP teen basiese prys sal verhoog in die bostaande tabel.**

Ander belasting op produksie ✓ (1)

**4.2.2 Noem die effek wat subsidies op produksie op die BBP teen basiese pryse sal hê.**

Dit verlaag die BBP teen basiese pryse. ✓ (1)

**4.2.3 Beskryf kortliks die term *verbruik van vaste kapitaal.***

Dit is die voorsiening vir die waardevermindering in die waarde van vaste bates as gevolg van normale slytasie en veroudering of normale ongelukskade. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

**4.2.4 Verduidelik die rede vir die byvoeging van belasting wanneer die Bruto Binnelandse Produk teen markpryse bereken word.**

Belasting word bygevoeg as deel van die pryse wat verbruikers vir goedere en dienste betaal. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

**4.2.5 Bespreek die voordele van subsidies op produkte vir die ekonomie.**

- Sekere produkte is meer bekostigbaar, bv. bruinbrood, wat lei tot ’n groter aanvraag vir die produkte. ✓
- Die toename in vraag verhoog produksie wat lei tot ekonomiese groei. ✓✓
- Die goedkoper produkte is meer mededingend, wat lei tot ’n toename in uitvoere. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2x2) (4)

## 4.3 DATARESPONS

**4.3.1 Identifiseer die jaar waarin groei in reële Bruto Binnelandse Produk ’n afwaartse neiging gehad het.** (1)

2019✓

**4.3.2 In watter kwartaal was reële BBP-groei op sy beste in 2021?** (1)

2de / Tweede✓

**4.3.3 Beskryf kortliks die term *Bruto Binnelandse Produk*.**

Die waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van ’n land geproduseer word vir ’n spesifieke tydperk, gewoonlik een jaar. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.) (2)

**4.3.4 Verduidelik die gebruik van rëele Bruto Binnelandse Produk met die berekening van arbeidsproduktiwiteit.**

Vir arbeidsproduktiwiteit om bereken te word, moet reële BBP gedeel word deur die aantal arbeiders en dan indekssyfers vir ’n aantal jare te bereken. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.) (2)

© SACAI KOPIEREG

**4.3.5 Bespreek die faktore wat bydra tot lae produktiwiteitsvlakke in Suid-Afrika.**

- Arbeidsproduktiwiteit neem toe teen ’n koers wat minder is as die vergoedingskoers. ✓✓
- Verkeerde plasing van werkers in die werksomgewing. ✓✓
- Ondoeltreffende toewysing van hulpbronne. ✓✓
- Tekort aan geskoolde werkers. Ongeskoolde werkers is minder produktief en is nie in staat om nuwe tegnologie te gebruik om produktiwiteit te verbeter nie. ✓✓

(Aanvaar ander relevante en korrekte antwoord.) (2x2) (4)

**4.4 Onderskei tussen *geldmark* en *kapitaalmark* in die sirkulêre vloei.**

**Geldmark**

- In die geldmark word korttermynlenings en baie korttermynfondse deur verbruikers en sakeondernemings gespaar en geleen.✓✓
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is die sleutelinstelling in die geldmark.✓✓
- Produkte wat in hierdie mark verkoop word, is bankskuldbriewe, skatkiswissels en staatseffekte.✓✓ (maks 4)

**Kapitaalmark**

- In die kapitaalmark word langtermynfondse deur verbruikers en sakeondernemings geleen en gespaar.✓✓
- Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs is die sleutelinstelling in die kapitaalmark.✓✓
- Produkte wat in hierdie mark verkoop word, is verbande en aandele.✓✓ (maks 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(’n Maksimum van 4 punte moet toegeken word vir blote lys van feite/ voorbeelde.) (2x4) (8)

**4.5 Evalueer die gebruik van aansporings as ’n manier om nywerheidsontwikkeling aan te moedig.**

- Doeane-vrye aansporings is gemik op uitvoergeoriënteerde vervaardigingsondernemings wat in die NOS’e en SES’e bedrywig is. ✓✓
  - ’n Buitelandse beleggingsaansporing is ’n kontantaansporing om buitelandse beleggers by te staan wat in nuwe vervaardigingsondernemings in SA wil belê. ✓✓
- Aansporings dek die koste van die hervestiging van nuwe masjinerie en toerusting uit die buiteland. ✓✓
- Kritiese infrastruktuurprogram (KIP) is ’n kostedeeltoekenning vir projekte wat ontwerp is om infrastruktuur in SA te verbeter. ✓✓
- Aansporings word beskikbaar ná voltooiing van die projek. ✓✓
- Die Vaardigheidsontwikkelingsprogram (VOP) is ’n kontantaansporing om groter investering in vaardigheidsopleiding aan te moedig en om nuwe, gevorderde vaardighede aan die SA arbeidsmag bekend te stel.✓✓
- Doeltreffende aansporingsprogramme word dikwels aangepas vir spesifieke nywerhede of sektore wat ooreenstem met die streek se sterkpunte of ontwikkelingsdoelwitte. Deur op sleutelareas te fokus, kan regerings die impak van aansporings maksimeer en vermy om hulpbronne te dun te versprei. ✓✓
- Aansporings soos belastingtoegewings, toelaes, subsidies en infrastruktuurondersteuning kan nywerheidsontwikkeling stimuleer deur die koste verbonde aan handeldryf vir maatskappye te verminder. Dit kan beleggings lok, werkskepping bevorder en ekonomiese groei aanspoor in streke wat andersins sou sukkel om besighede te lok. ✓✓
- Die aanbied van aansporings kan ’n streek meer mededingend maak in vergelyking met ander, veral wanneer naburige gebiede ook meeding vir nywerheidsontwikkeling. Dit kan help om besighede te lok wat andersins hulle elders kan vestig. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)
(Ken ’n maksimum van 2 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde.) (4x2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

## AFDELING C

Beantwoord enige **EEN** vraag van die TWEE vrae in die **ANTWOORDBOEK.**

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTETOEKEN-NING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ’n laerorde-antwoord.<br>• ’n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou,<br>• te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail / Diepgaande bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br>**’n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:** Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Lei af / Vergelyk / Onderskei / Stel voor / Interpreteer / Debatteer / Hoe?<br>**’n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ’n Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• ’n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek volledig die aanbodredes vir internasionale handel.** **(26)**

- **Hoe beïnvloed vrye handel die Suid-Afrikaanse ekonomie?** **(10)**

**INLEIDING**

Daar is baie redes vir internasionale handel. Lande kan ’n surplus van sekere goedere en ’n tekort aan ander goedere hê, en hulle sal handel dryf om hierdie wanbalanse reg te stel. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte inleiding.) (maks. 2)

**LIGGAAM: HOOFGEDEELTE**

**1. Natuurlike hulpbronne: ✓**

- Hierdie hulpbronne is nie eweredig oor alle lande van die wêreld versprei nie. ✓✓
- Hulle verskil van land tot land en kan slegs ontgin word op plekke waar hulle bestaan. ✓✓
- Suid-Afrika is goed toegerus met verskillende natuurlike hulpbronne, maar minder goed toegerus met geskoolde arbeid en kapitaal ✓✓ terwyl lande soos Japan en Ierland ’n relatiewe oorvloed van geskoolde arbeid het.✓✓

**2. Arbeidshulpbronne✓**

- Arbeid verskil van land tot land in terme van vaardighede, kennis, opleiding, kwaliteit, kwantiteit en koste tussen hulle. ✓✓
- Sommige lande het hoogs geskoolde, goed betaalde werkers en hoë produktiwiteitsvlakke. ✓✓
- bv. Switserland✓

**3. Die beskikbaarheid van kapitaal✓**

- Sommige lande moet hul nywerhede en ekonomieë moderniseer met gevorderde masjinerie, toerusting en aanlegte, maar kan nie hierdie toerusting vervaardig nie omdat hulle nie die kapitaal het om dit te doen nie. ✓✓
- Beter toegang tot kapitaal het die behoefte aan internasionale handel verhoog. ✓✓

**4. Gebrek aan entrepreneurskap✓**

- Lande wat goeie entrepreneursvaardighede het, bied meer goedere en dienste vir handel. ✓✓
- Doeltreffendheid bepaal die aanbod van goedere en dienste wat teen laer pryse geproduseer word en verminder die geleentheidskoste om dit te verkry. ✓✓

5. **Klimaatstoestande✓**
   - Verskillende klimaatstoestande maak dit vir sommige lande moontlik om sekere goedere teen ’n laer kosprys as ander lande te produseer. ✓✓
     - bv. Brasilië is die grootste produsent van koffie. ✓
   - Lande het verskillende klimaatstoestande en is dus in staat om verskillende produkte te produseer. ✓✓

6. **Tegnologiese hulpbronne✓**
   - Die ontwikkelingsvlakke en innovasieprosesse van lande sal altyd verskil en gevolglik kan sommige lande dit in oorvloed hê terwyl ander hulle dalk nie het nie.✓✓
   - Lande soos Duitsland en die Verenigde State is in staat om kapitaal te gebruik wat hoë vlakke van tegnologie beliggaam terwyl ander lande nie toegang tot die nuutste tegnologie het nie. ✓✓
   - Ontwikkelde lande wat ’n tegnologies goed ontwikkelde arbeidsmag het is in staat om sekere goedere en dienste te produseer teen ’n lae eenheidskoste. ✓✓
     - bv. China en Indië ✓

7. **Spesialisasie✓**
   - Die produksie van sekere goedere en dienste laat sommige lande toe om dit teen ’n laer koste as ander te produseer. ✓✓
   - bv. Japan vervaardig elektroniese goedere en verkoop dit teen ’n laer prys. ✓
   - Internasionale handel stel lande in staat om te spesialiseer in die produksie van goedere en dienste waarin hulle ’n vergelykende voordeel het. ✓✓
   - Surplusproduksie word na ander lande uitgevoer en die inkomste wat uit hierdie uitvoere verdien word, kan gebruik word om invoere te finansier. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)
(’n Maksimum van 6 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde.) (maks. 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Hoe beïnvloed vrye handel die Suid-Afrikaanse ekonomie?**

- Skaal die produktiwiteit van plaaslike bedrywe af as gevolg van mededinging met kragtige multinasionale bedrywe. ✓✓
- Veroorsaak ’n tekort aan vaardigheid aangesien grense oop is vir geskoolde arbeidsmag om na ander lande te migreer en sodoende die land droog te laat in terme van skaars vaardighede. ✓✓
- Laat die invloei van ingevoerde goedere na die land toe en stoot dus pryse vir plaaslike goedere op en veroorsaak daardeur inflasie. ✓✓
- Verhoog die produksie van goedere wat negatiewe eksternaliteite meebring en druk plaas op hulpbronne in die land. ✓✓
- Skep monopolieë wat pryse en handelstoestande in die land se handelstelsel dikteer en sodoende ’n hindernis veroorsaak vir diegene met die bedoeling om handel te dryf. ✓✓
- Stel die land bloot aan handelsafhanklikhede en maak dit dus kwesbaar vir die suksesse en mislukkings van ander lande. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord.)
(Maksimum van 2 punte vir blote lys.) (maks. 10)

**GEVOLGTREKKING**

Die doel van uitvoerbevordering is om Suid-Afrikaanse goedere en dienste met toegevoegde waarde in die buiteland te bevorder deur die uitvoerbasis te verbreed. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte gevolgtrekking.) (maks. 2)

**[40]**

**OF**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek volledig voeding en gesondheid as sosiale aanwyser.** (maks 26)
- **Hoe kan ekonomiese ontwikkeling verbeter word deur die gebruik van sosiale aanwysers?** (10)

**INLEIDING**

Sosiale aanwysers is statistieke wat die vlak en vordering van menslike ontwikkeling in ’n land aandui. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (maks 2)

**LIGGAAM: HOOFGEDEELTE**

**Voeding en gesondheid✓**

- Die gesondheid van ’n bevolking en van die arbeidsmag van ’n land is baie belangrik vir ekonomiese groei en ontwikkeling. ✓✓
- Gesonde burgers is meer produktief, verdien meer, verbruik meer en werk langer.✓✓

**Babasterftesyfer✓**

- Meet die aantal babas wat sterf voordat hulle een jaar oud word per duisend lewende geboortes in ’n gegewe jaar. ✓✓
- Die babasterftesyfer in Suid-Afrika is hoog in vergelyking met ander lande.✓✓
- Babasterftes word dikwels gekoppel aan ’n lae geboortegewig, wat veroorsaak kan word deur ’n swanger ma se wanvoeding, stres of rook, alkohol- of dwelm-misbruik. ✓✓

**Onder vyf sterftes ✓**

- Verwys na die waarskynlikheid dat ’n pasgebore baba sal sterf voordat hy presies 5 jaar oud word, uitgedruk per 1 000 lewende geboortes. ✓✓
- Word dikwels verbind met wanvoeding, diarree, masels, malaria en respiratoriese infeksies. ✓✓

**Toegang tot gesondheidsdiens✓**

- Suid-Afrika vergelyk goed in terme van aanwysers wat toegang tot primêre gesondheidsdienste meet. ✓✓
- R271,9 miljard rand word aan gesondheidsuitgawes toegewys in die 2024-jaarbegroting wat deur die Minister van Finansies aangebied is, wat byna 11% van die totale begroting is. ✓✓

**Toegang tot skoon drinkwater ✓**

- Die persentasie van ’n bevolking wat redelike toegang tot veilige drinkwater het. ✓✓
- Die meerderheid van Suid-Afrikaanse mense het veilige drinkwater uit krane in hul huise. ✓✓

**Toegang tot sanitasiefasiliteite✓**

- Die persentasie van ’n bevolking wat minstens voldoende sanitasiegeriewe het. ✓✓
- Behoorlike sanitasiegeriewe, soos toilette, skoon waterbronne en afvalwaterwegdoeningstelsels, is noodsaaklik om die verspreiding van watergedraagde siektes soos cholera, disenterie en tifuskoors te voorkom. ✓✓
- Gebrek aan toegang tot sanitasie kan lei tot die besoedeling van waterbronne met afvalmateriaal, wat wydverspreide siekte en selfs dood tot gevolg kan hê.
- Daarom is die beskikbaarheid van sanitasiefasiliteite nou gekoppel aan openbare gesondheidsuitkomste en siektevoorkoming. ✓✓
- Toegang tot sanitasiegeriewe is ’n basiese menslike behoefte en ’n saak van menswaardigheid. Sonder voldoende fasiliteite kan individue, veral vrouens en meisies, uitdagings in die gesig staar in die bestuur van hul persoonlike higiëne- en sanitasiebehoeftes, wat lei tot gevoelens van skaamte, verleentheid en ongemak. ✓✓
- Beter toegang tot sanitasiegeriewe is ’n aanduiding dat mense toegang het tot verbeterde sanitasiegeriewe wat hulle weghou van ander mense, diere en insekte. ✓✓

**Voeding✓**

- Is ’n proses waarin ’n persoon se liggaam die voedsel verkry wat nodig is vir gesondheid en groei. ✓✓

**Kinderwanvoeding✓**

- Wanvoeding is die toestand wat ontwikkel wanneer die liggaam ontneem word van vitamiene, minerale en ander voedingstowwe wat dit nodig het om gesonde weefsels en orgaanfunksies te handhaaf. ✓✓
- ’n Persoon se liggaamsgewig word vergelyk met die ideale gewig vir ’n persoon van daardie ouderdom, geslag en lengte. ✓✓
- Fisiese tekens moet ook in ag geneem word aangesien mense met normale gewig, of mense wat oorgewig is, steeds aan tekorte aan bepaalde voedingstowwe kan ly.✓✓

**Oorgewig kinders✓**

- Vetsug word gedefinieer as abnormale of oormatige vetophoping wat ’n risiko vir die gesondheid inhou. ✓✓
- ’n Liggaamsmassa-indeks (LMI) van meer as 25 word as oorgewig beskou, en meer as 30 is vetsugtig. ✓✓
- Statistieke van oorgewig en vetsug groei steeds in volwassenes en kinders. ✓✓
- Die persentasie kinders en adolessente van 5–19 jaar wat met vetsug leef, het van 2% tot 8% van 1990 tot 2022 viervoudig toegeneem. ✓✓
- Daar is 'n verband tussen vetsug in kinders en ander siektes. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord.)
(Beide subopskrifte en voorbeelde word tot ’n maksimum van 6 punte nagesien.) (maks. 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Hoe kan ekonomiese ontwikkeling verbeter word deur die gebruik van sosiale aanwysers?**

- ’n Verbetering in die lewensgehalte van die algemene bevolking en die vermindering van sosiale spanning sal lei tot ’n toename in die welsyn van die algemene bevolking. ✓✓
- Regeringsinvestering en besteding aan die verbetering van die gehalte van die toekomstige arbeidsmag sal help met die ontwikkeling van die ekonomie. ✓✓
- ’n Verbetering in gesondheids- en opvoedkundige fasiliteite sal lei tot ’n gesonder bevolking wat meer positief tot die ekonomie en algemene lewenstandaarde van die bevolking kan bydra. ✓✓
- Fokus op die aspekte wat ontwikkeling benodig in gemeenskappe en die besteding van inkomste aan hierdie aspekte, sal ekonomiese groei en ontwikkeling verbeter. ✓✓
- Die verbetering van die sosiale samehorigheid en interafhanklikheid van die bevolking deur die bestudering van sosiale aanwysers en die verbintenis tot kwessies wat opgelos kan word, sal help om ’n stabiele en gesonde bevolking te handhaaf. ✓✓
- Regeringsbystand om aspekte van ekonomiese behoefte te identifiseer en fondse vanaf die begroting aan hierdie aspekte toe te ken, sal help met die verbetering van die algemene welsyn van die algemene bevolking. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord.)
(Maksimum van 2 punte vir blote lys.) (maks. 10)

**GEVOLGTREKKING**

Sosiale aanwysers rig regeringsbesteding op kwessies wat maatskaplike ontwikkeling en verbeterde lewenstandaarde vir die algemene bevolking van die land sal waarborg. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante gevolgtrekking.) (max 2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG